

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30

Woensdag 3 Oktober 1984

WINDHOEK

Wednesday 3 October 1984 No. 4961

INHOUD:

CONTENTS:

PROKLAMASIES

Bladsy

PROCLAMATIONS

Page

No. AG. 32 Verklaring van Tsumeb Uitbreiding 7 tot Goedgekeurde Dorp

1

No. AG. 32 Declaration of Tsumeb Extension 7 to be an Approved Township

1

No. AG. 33 Lasgewing dat 'n toevallige vakature in die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge gevul word by wyse van 'n verklaring deur die Hoofverkiesingsbeampte

4

No. AG. 33 Direction that a casual vacancy in the Legislative Assembly of the Coloureds be filled by way of a declaration by the Chief Electoral Officer

4

GOEWERMENSKENNISGEWING

No. AG. 123 Verklaring van persoon tot behoorlik verkose lid van die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge

4

GOVERNMENT NOTICE

No. AG. 123 Declaration of person to be duly elected member of the Legislative Assembly of the Coloureds

4

PROKLAMASIES

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 32 1984

VERKLARING VAN TSUMEB UITBREIDING 7 TOT GOEDGEKEURDE DORP

Kragtens artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby die gebied voorgestel op Algemene Plan B. 72(A.477/81) tot goedgekeurde dorp.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, word ingevolge genoemde artikel 13 in die Bylae uiteengesit.

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal Windhoek, 4 September 1984

PROCLAMATIONS

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 32 1984

DECLARATION OF TSUMEB EXTENSION 7 TO BE AN APPROVED TOWNSHIP

Under section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby declare the area represented by General Plan B. 72(A.477/81) to be an approved township.

The conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted, are set forth in the Schedule in terms of the said section 13.

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General Windhoek, 4 September 1984

BYLAE

SCHEDULE

1. NAAM VAN DORP

Die dorp heet Tsumeb Uitbreiding 7.

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 104 erwe genommer 931 tot 1005 en 1049 tot 1077, drie oop ruimtes genommer 929, 930 en 1089 en strate soos aangedui op Algemene Plan B. 72(A.477/81).

3. GERESERVEERDE ERF

Erf 1065 word gereserveer vir doeleindes van die plaaslike bestuur.

4. TITELVOORWAARDES

A. Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe buiten dié in item 3 en subitem B genoem:

(1) (a) Die erf mag, behoudens die bepalings van artikel 174 (3)(a) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), slegs vir die woondoeleindes van een gesin gebruik word.

(b) Slegs een woonhuis, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.

(c) Die bouwaarde van die woonhuis, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R20 000,00 wees.

(2) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.

(3) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakkerij, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd, mag op die erf aangebring of bestuur word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "hinderlike bedryf" enigeen van die besighede, bedrywe, werke of inrigtings genoem in regulasie 1(a) van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

1. NAME OF TOWNSHIP

The township shall be called Tsumeb Extension 7.

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP

The township comprises 104 erven numbered 931 to 1005 and 1049 to 1077, three open spaces numbered 929, 930 and 1089 and streets as indicated on General Plan B. 72(A.477/81).

3. RESERVED ERF

Erf 1065 is reserved for purposes of the local authority.

4. CONDITIONS OF TITLE

A. The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven, other than those referred to in item 3 and subitem B:

(1) (a) Subject to the provisions of section 174(3)(a) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), the erf may be used for residential purposes by one family only.

(b) Only one dwelling-house, together with the necessary outbuildings, may be erected on the erf.

(c) The building value of the dwelling-house, outbuildings excluded, shall be at least R20 000,00

(2) It shall not be permissible to drill or excavate for water on the erf.

(3) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery, sausage factory or any offensive trade whatsoever, shall be established or conducted on the erf.

For the purposes of this paragraph "offensive trade" shall mean any of the businesses, trades, works or institutions mentioned in regulation 1(a) of the Regulations promulgated under Government Notice 141 of 10 November 1926, as amended.

- | | |
|---|--|
| <p>(4) Buiten met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur mag geen stene, teëls of erdepype of enige ander artikels van soortgelyke aard vir enige ander doel as die oprigting van 'n gebou op die erf, op die erf gemaak word nie.</p> <p>(5) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape of roof- of trekdier mag op die erf aangehou word nie.</p> <p>(6) Daar mag geen hindernis of verlegging van enige natuurlike stormwatergeleiding oor die erf wees sonder skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.</p> <p>(7) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan, (behalwe grensmure, omheinings, brandmure of spoorlyne) mag binne 5 meter van enige straatgrens of binne 3 meter van enige sy- of agtergrens van die erf opgerig word nie.</p> | <p>(4) Except with the written permission of the local authority no bricks, tiles earthenware pipes or any articles of a like nature shall be made on the erf for any purpose other than the erection of a building on the erf.</p> <p>(5) No cattle, sheep, pigs, goats, baboons, monkeys, beasts of prey or draught animals shall be kept on the erf.</p> <p>(6) There shall be no obstruction or deviation of any natural storm water drainage over the erf without the written approval of the local authority.</p> <p>(7) No buildings or structures, or any portion thereof, (except boundary walls, fences, fire walls or railway lines) shall be erected within 5 metres of any street boundary or within 3 metres of any lateral or rear boundary of the erf.</p> |
|---|--|

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "straatgrens" enige grens gemeenskaplik met 'n straat, "sygrens" enige grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het, en "agtergrens" enige ander grens as 'n sy- of straatgrens.

For the purposes of this paragraph "street boundary" shall mean any boundary common to a street, "lateral boundary" shall mean any boundary with at least one end on a street boundary and "rear boundary" shall mean any boundary other than a lateral or street boundary.

B. Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewys van erf 989:

B. The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deed of erf 989:

- | | |
|--|---|
| <p>(1) Die erf mag slegs vir kleuterskool-doeleindes gebruik word.</p> <p>(2) Die boudekking van die erf mag nie hoër wees as 50% van die algehele oppervlakte van die erf nie.</p> <p>(3) 'n Opsigterswoning wat nie meer as 40% van die boudekking beslaan nie, mag met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur op die erf opgerig word.</p> | <p>(1) The erf may only be used for purposes of a crèche.</p> <p>(2) The building coverage of the erf may not exceed 50% of the total area of the erf.</p> <p>(3) A caretaker's flat not exceeding 40% of the building coverage may, with the prior written permission of the local authority, be erected on the erf.</p> |
|--|---|

No. AG. 33

1984

**LASGEWING DAT 'N TOEVALLIGE
VAKATURE IN DIE WETGEWENDE
VERGADERING VAN DIE KLEURLINGE
GEVUL WORD BY WYSE VAN 'N
VERKLARING DEUR DIE HOOFVER-
KIESINGSBEAMPTE**

Kragtens artikel 2(1) van die Partylysver-
kiesingswysigingsproklamasie, 1981 (Proklamasie
AG. 24 van 1981), gelas ek hierby dat, ondanks
andersluidende wetsbepalings, die toevallige
vakature wat met ingang van 1 Julie 1984 in die
Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge ont-
staan het weens die bedanking van Johannes Petrus
Andries, gevul word deur die verklaring deur die
hoofverkiesingsbeampte tot behoorlik verkose lid
van genoemde Wetgewende Vergadering met in-
gang van die datum van die verklaring, van 'n
bevoegde persoon wat -

- (a) vir dié doel skriftelik genomineer is deur die
geregistreeerde party waarvan genoemde
Johannes Petrus Andries 'n kandidaat by die
eerste algemene verkiesing ten opsigte van
genoemde Wetgewende Vergadering was; en
- (b) sy nominasie skriftelik aanvaar het.

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal Windhoek, 11 September 1984

No. AG. 33

1984

**DIRECTION THAT A CASUAL VACANCY
IN THE LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE
COLOUREDS BE FILLED BY WAY OF A
DECLARATION BY THE CHIEF
ELECTORAL OFFICER**

Under section 2(1) of the Party List Elections
Amendment Proclamation, 1981 (Proclamation
AG. 24 of 1981), I hereby direct that, notwith-
standing anything to the contrary in any law con-
tained, the casual vacancy which occurred as from
1 July 1984 in the Legislative Assembly of the
Coloureds on account of the resignation of
Johannes Petrus Andries, be filled by the chief
electoral officer declaring to be a duly elected
member of the said Legislative Assembly with
effect from the date of the declaration, any
qualified person who -

- (a) has been nominated in writing for that purpose
by the registered party of which Johannes
Petrus Andries was a candidate at the first
general election in respect of the said
Legislative Assembly; and
- (b) has accepted his nomination in writing.

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General Windhoek, 11 September 1984

Goewermentskennisgewing

Government Notice

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN
MANNEKRAG

No. AG. 123

1984

**VERKLARING VAN PERSOON TOT
BEHOORLIK VERKOSE LID VAN DIE WET-
GEWENDE VERGADERING VAN DIE
KLEURLINGE**

Ingevolge artikel 2(2) van die Partylysver-
kiesingswysigingsproklamasie, 1981 (Proklamasie
AG. 24 van 1981), maak ek hierby bekend dat ek

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND
MANPOWER

No. AG. 123

1984

**DECLARATION OF PERSON TO BE DULY
ELECTED MEMBER OF THE LEGISLATIVE
ASSEMBLY OF THE COLOUREDS**

In terms of section 2(2) of the Party List Elec-
tions Amendment Proclamation, 1981 (Proclama-
tion AG. 24 of 1981), I hereby make known that

Jan Johannes Coetzee op 24 September 1984 uit hoofde van die lasgewing vervat in Proklamasie AG. 33 van 1984 tot behoorlik verkose lid van die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge verklaar het met ingang van genoemde datum.

J.S. VAN NIEKERK

Hoofverkiesingsbeampte Windhoek, 24 September 1984

by virtue of the direction contained in Proclamation AG. 33 of 1984 I have on 24 September 1984 declared Jan Johannes Coetzee to be a duly elected member of the Legislative Assembly of the Coloureds with effect from the said date.

J.S. VAN NIEKERK

Chief Electoral Officer Windhoek, 24 September 1984
